

Vrydag 21 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-22	Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:18
---	--

Verdeeldheid in die gemeente

In die Christelike gemeentes ná Pinkster is die nagmaal gereeld op 'n besondere wyse gevier. Die nagmaal is voorafgegaan deur 'n liefdesmaaltyd. Rykes en armes het almal kos gebring en die kos is met almal gedeel. Almal het van almal se kos geëet. Sodoende kon die arm mense in die gemeente die geleentheid kry om ook 'n goeie en gesonde ete te geniet. Tydens die geleentheid was daar altyd 'n blye atmosfeer van saamwees en mededeelsaamheid.

Hier lees ons dat Paulus ernstig ontsteld is oor die nagmaalsamekomste in die gemeente van Korinte. In die gemeente van Korinte het die hele saamwees van die lidmate met die ete voor nagmaal verander in verdeeldheid. Wanneer die lidmate saamgekom het vir die ete, het dit nie meer gegaan om die nagmaal te vier nie. Nee, die ete voor die nagmaal het verander in 'n selfsugtige bevrediging van eie behoeftes. Die rykes het vroeg gekom en vinnig hulle eie kos opgeëet en sommige van hulle het ook te veel gedrink. Met die gevolg dat die armes geen kos gekry het wanneer hulle by die ete aangekom het nie, en hulle het dus honger huis toe gegaan.

Dit was nie meer 'n liefdesmaaltyd nie. In die gemeente van Korinte was daar geen naasteliefde en mededeelsaamheid meer nie. Dit het Paulus ernstig ontstel.

Ons moet onthou dat dit altyd baie belangrik is dat daar 'n gemeenskaplike liefde onder lidmate is wanneer 'n gemeente saamkom om nagmaal te vier. Liefde wat mekaar se nood raaksien, 'n liefde wat hande na mekaar uitsteek en mekaar help. Liefde wat mededeelsaamheid aan mekaar bewys. Jesus beklemtoon dit in Johannes 13:34: *“Soos Ek julle liefhet, moet julle ook mekaar liefhê.”*

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. PJ van der Walt (Peet) (Emeritus)